

Die Here oordeel regverdig, want Hy is heilig

Num 31:1-54

31 Oktober 2021

1. Num 25 – Moabiete/Midianiete verlei volk by Sittim; Num 31 – wraak van die Here op die Midianiete
2. Oorsig oor die gebeure
 - a. Opdrag (v1-4):
 - i. Die Here gee die opdrag vir oorlog – wraak van die Here (OAV)
 - ii. 1 000 man per stam, dus 12 000 man in totaal
 - b. Pinehas gaan saam, neem ook gewyde items saam (v5-6)
 - c. Maak al die Midianitiese mans dood, vyf konings, en Bileam (v7)
 - d. Moses is kwaad oor vrouens laat leef is – hulle het Israel verlei; hulle en die seuns moet ook doodgemaak word (v13-18)
 - e. Reinigingshandeling moes voltooi word vir die soldate en die buit (v19-24)
 - f. Verdeling van die buit (v25-47)
 - i. Helfte aan 12 000 soldate; een vyfhonderdste aan die priesters
 - ii. Helfte aan die res van die volk; een vyftigste aan die Leviete
 - iii. Het tipiese gebruik geword (Jos 22:8, 1 Sam 30:24)
 - g. Vrywillige offer van bevelvoerders (v48-54)
 - i. Goue artikels aan die Here geskenk omrede al 12 000 gespaar is in die oorlog
3. Die Here oordeel regverdig, want Hy is heilig
 - a. Die Here is die handelende party – en Hy is in beheer van alle lewens
 - b. Die Here neem wraak – Midianiete (saam met Bileam en Balak) wou verbondsvolk van die Verbondsgod afrokkel
 - c. Die Here het alreeds teen sy volk opgetree by Sittim, nou teen die Midianiete – oordeel begin by die huis van die Here (1 Pet 4:17-18)
 - d. Heilige oorlog: Heilige God inisieer dit, Pinehas gaan saam, heilige voorwerpe uit tabernakel, wraak omrede verbondsverhouding bedreig is
4. Wreedheid van die gebeure
 - a. Dit is deur die Here en Moses beveel
 - b. Menslike wraak is tipies irrasioneel en buite beheer, maar nie die Here se wraak nie
 - c. Maat van die Midianiete het vol geword a.g.v. die erge sonde (vgl Gen 15:6)
 - d. Ander voorbeelde: Sodom en Gomorra
 - e. Vir Midian: begeertes is bevrug, het sonde voortgebring, het uitgeloop op die dood (Jak 1:15)
5. Implikasies
 - a. Die Here oordeel ook sy volk, maar met konstruktiewe doel – swaarkry, volharding, egtheid van geloof, hoop (Rom 5:3-5)
 - b. Oordeel oor Midianiete is voorloper van finale oordeel. Finale oordeel sal ook erg wees (Op 6:16-17)
 - c. Oordeel oor Midianiete het groot buit tot gevolg gehad vir die volk. Met die finale oordeel, ontvang gelowiges hulle loon (Op 11:18). Bevelvoerders gee groot offer aan die Here omdat al 12 000 bewaar is. Met finale oordeel bring gelowiges groot lof aan die Here (Op 19:1-9)
 - d. God oordeel ook al in hierdie lewe: as iemand se maat vol is, dryf dit hom finaal van God af; as iemand gelowige is, word hy bemoedig